*Deelnemer: Ja, ons het 'n proses gevat (sug) toe besluit ons nee, goed. Dit is nadat ek hulle sover gekry het om te besluit daar is drie wat nou moet gaan, en hier sit ons nou met almal goeie mense. Toe het ons 'n proses gevat en ek het hulle weggevat vir twee dae na Vrede, in die Berge. Hulle het besef dit is vir my 'n baie ernstige saak want dit het ongelooflike stres op my gesit. Wat ek moet werklikwaar vir jou sê, van die nege (9), het ek geweet van een wat ek wil laat loop (**Maar nie drie nie?**), maar nie drie nie, (**Ja**), en dit het my heelyd nie ... wat ek toe gedoen het is, toe vat ons die hele proses, ons het toe al nege (9) gevat, nie net een of twee uitgehaal nie en toe gaan kriteria maak. Ek het hulle daar in die berge ingevat, vir twee dae, my hele bestuurspan – ons is ses – en ek het vir hulle gaan sê die heel eerste dag het ons net gesit ... maar hulle het toe nou geweet waarna toe stuur ons af, want ek het met hulle die hele proses gelei na 'n bepaalde plek toe ... het vir hulle gesê ons moet nou drie mense laat gaan. Ek het, voordat ons daar ... ek het nie gekom met die kriteria nie ... ek het daar gaan sit en gesê: “Right, kom ons bou nou die kriteria ... dag een ... (sug) uit die aard van die saak het die kurrikulum 'n belangrike rol gespeel, buitemuurse aktiwiteite nie soos die staat s'n nie, maar dit het 'n baie belangrike rol gespeel. Sekere insette wat daai persoon gemaak het ... uh, ... persoonsanalises is gedoen van daai nege mense en dit was nogal 'n traumatiese ervaring omdat een van die nege was die adjunkhoof se vrou ... waar hy*

teenwoordig was, jy weet **(oe, okay)**, so dit was nogal 'n mo... 'n baie moeilike bestuursproses om die ding te bestuur, maar ek het, om regverdig te wees, almal ... ons het gesê ek gaan nie die kriteria maak nie, ons het die hele lys van kriteria opgestel, daar was agt punte en ons het gewigswaardes toegeken waarin, uit die aard van die saak, die kurrikulum 'n belangrike rol, die belangrikste rol gespeel het, maar persoonsanalises het 'n rol gespeel. Ek is 'n outjie wat glo aan "Spiral Dynamics", ek weet nie of jy hulle ken nie? **(Mm, nee)** Cowen en Back, ek is 'n groot ... ek is nie 'n ou vir Jean-Jacques Rossouw se goed nie (sug). Ek het ... uh, ... in elke graad het ek vier klasse en ek glo daaraan dat as ek in elke graad 'n rooie het wat kan skep en ontwikkel en bou, dan moet daar drie bloues saam met hom wees of 'n groene of 'n oranje. Elkeen het nou sy positiewe punte en elkeen sy ... so ek sien 'n graad as 'n klein skooltjie en elke graad moet 'n hoof hê en dis die kreatiewe ou, die ou wat skep, die ou wat ontwikkel, wat bou, maar ook in daai graad moet daar 'n bloue wees en daai bloue is baie belangrik want dit is hy wat die job kan doen, want daai rooie kan nie roetienewerk doen nie, maar daar moet 'n bloue wees wat die roetienewerk kan doen en so bou ek my hele spannetjie in die graad op. (sug) Ons het daai goed gedoen, ons het alles gedoen, ons het gesê wat se gewigswaardes koppel ons aan elkeen van daai kriterias. En op die einde van die dag het ons ... uh, ... onafhanklik daai kriteria gaan toepas; nié as 'n groep nie. Ek het hulle in ses verskillende vertrekke laat sit en gesê: "Hier's die nege mense, hier's die kriteria, nou gaan jy uit buitekant toe en jy gaan sit nou en sê vir my waar pas wie in hierdie verhaal. Jy gee vir al nege daai ouens punte vir die kriteria wat ons gebou het, met die gewigswaarde daarby." En ek het op die ou einde gekom, (Navorser se naam), en ons het ... uh, ... eventually toe ons dit nou klaar gedoen het, so vir twee ure, het ons om 'n tafel gesit en gesê: "Alright, nou (naam) jy tel vir ons die punte op en ons gaan ons nie laat lei deur die punte nie maar dit gaan vir ons 'n goeie aanduiding wees om te sien. Dan gaan ons daarvanaf bespreek en hier gee ons nou die persone se name ... die eerste keer ... dit was omtrent 'n dag en 'n driekwart, toe kom ons by die persone se name eers uit **(okay)**. So, om 'n lang storie kort te maak, toe ons om die tafel sit en ons het nou die

somme gemaak ... uh, ... dis vir my ongelooflik interessant dat ... uh, ... by vyf van die ses, was al drie presies dieselfde, en uh, ... uit die aard van omstandighede was die adjunkhoof se vrou een en hy't haar ook onder die eerste drie gesit wat moet gaan, agv die samestelling. So, ek dink ons het die kriteria, by die bou van die kriteria **(Ja)** ... die voorafbeplanning, dink ek, was baie, baie goed gewees. Ek dink ons het dit nogal mooi agtermekaar gesit. Dit was oop, dit was nie ... daar was geen ... ek het, ek het my ook self voorgeneem ... daar was so 10 wat ek gesê het: "Jis, ek kan hulle nie verloor nie." Ek het myself voorgeneem en gesê: "As hulle nou deel van daai drie gaan wees, dan moet dit dan nou maar so uitwerk ... uh, ... net om die proses gelyke beregtiging te gee."

Navorsers: Hierdie nege; het hulle nie gevoel maar ... uh, ... "hoekom moet ons in die spêrvuur staan en daar is tien teen een van die ander wat deur die Departement ondersteun word, of dan gedra word, wat dalk deel van hierdie groep moes gewees het in plaas van sekere van hulle van hierdie nege?"

Deelnemer: Kom ek vir jou sê, wat ek gedoen het is; (keel skoonmaak) reg in die begin het ek ... van hierdie hele proses het ek daardie nege ingeroep, saam met die hele bestuurspan, en ek het vir hulle gesê hulle poste is in gedrang. So ek het van dag een af ... daar is van daai mense wat se moraal toe op daai stadium nogal redelik laag was.

Navorsers: Voordat hulle gehoor het of op die stadium wat jy dit gesê het?

Deelnemer: Nee, toe ek dit vir hulle sê. Toe ek vir hulle sê: "Hoor hier, dit kan wees ... hier gaan drie van julle moet gaan en ongelukkig gaan ons nou moet kriteria moet bring..." 'n Belangrike konsep wat ek net vir jou wil sê is, voor ons weg is op die naweek, het ek daai kriteria met daai nege deurgewerk. So, ek het die kriteria wat ek aanvanklik gedink het ons gaan gebruik, ek het ses gebou, toe't ek met hulle deurgewerk. Op die naweek daar het ons bestuursspan nege gebou, maar die ses was ingesluit **(Ja)**,

maar toe nog drie bygesit en ek het daai ses kriteria met daai nege personeellede voor die tyd deurgewerk en gesê dit is die manier waarnatoe ons gaan kyk ... wie gaan ons hou (sug) en dit het regtig nie gegaan oor ... uh, ... ek het probeer, sover moontlik, om nie in 'n situasie te beland om te sê: "Jy's voor en jy trek agter **(mm)** en jy doen dit nie." **(mm, mm)** Dit het oor 'n kombinasie van goed gegaan, die nege kriterias. Dit was 'n tawwe storie, hoor. Die invloed wat dit op my gehad het is flippen fenominaal.

Navorsers: Is dit? Vertel my daarvan.

Deelnemer: Ek sê vir jou, ek is 'n outjie wat senuweeagtig is oor sulke goed. Ek is 'n ou wat daarvan hou ... my bestuurstyl is van so aard dat as ek iets kan verander, as ek die beheer daarop kan uitoefen, is dit maklik, maar die oomblik as ek nie beheer oor goed kan hê nie, daai onbekende-stresfaktor, **(Ja)** ... uh, ... ek het 'n ou spreekwoord om mooi vir my uit te werk wat is stres. Nou, stres is as jy hier is en jy weet jy moet nou-nou soontoe gaan, maar jy het nie beheer daaroor nie, en daai goed veroorsaak stres by 'n ou, in so 'n mate dat ek wil regtig vir jou sê, daai goed het my in die nagte uit die slaap gehou. Ek moes op 'n stadium die dokter gaan sien, want ons was, ons skool was die heelryd in 'n proses van bou. Ons kom van 300 af. Daar was 300 kinders in daai skool...

Navorsers: Jy't nou gebou na 650?

Deelnemer: Ja, ons is nou 650 en ek is ... ons is heelryd aan die groei. Dit is maklik om te groei, maar jy kom op 'n plafonvlak in 'n dorp soos (naam van dorp) ... ek hoef nie vir jou te vertel nie. As jy 'n plafonvlak bereik het, jy sê daar gaan 101 Gr1's skool toe, ek vat 95 en die ander vyf wil in elk geval nie by my wees nie want hulle is tradisioneel verbind aan 'n ander skool, **(Ja)** want jy weet jy kan hom nie verder uitbou nie. Toe ek 35 Gr1's gekry het, toe ek daar gekom het, het ek besef, jislak, hier is 'n potensiaal van 70. Hier's werk om te doen. Ons kan goed ontwikkel en bou en skep, kreatief wees en bemerking op sekere maniere doen om 35,

volgende jaar 50 te maak, dan voel ons goed daaroor. As jy by 90 gekom het en daar is net 105 in die dorp...

Navorser: ...dan besef jy, jy is by die plafon.

Deelnemer: Dan besef jy, jy's by die plafon en die skool was heeltyd in die ontwikkelingsfase, in 'n groeifase en op die einde, wat gebeur? Ekskuus ...

Navorser: Nee gaan rustig, ek kyk maar net.

*Deelnemer: Op die ou-end, wat gebeur? Toe ons by daai punt kom, het ek so gegroei dat ek so baie personeel gehad het nê, maar die finansies het begin breek. **(Ja)**. Toe moes ek nou drie van daai mense laat gaan om my balansstate weer behoorlik te laat klop en ... uh, ... ek sê nou vir jou, ek het al Juliemaand gesien hierdie ding gaan kom ... dis nou in 2004 ... die ding sien kom, en ek het eers Septembermaand in werklik om die tafel gesit, toe ons begin met die begroting of toe ons die begroting finaal vasmaak. En dan moet jy weet van daai hele tydperk ... **(vat jy stres?)** ... ek moes dokter toe gaan dat hy vir my slaappille gee ... uh, ... en ek is 'n outjie wat vier keer 'n week squash speel...*

Navorser: Hoe raak jy ontslae van jou stres?

Deelnemer: Ja, ek het maniere hoe ek goed doen, en ewe skielik het daar goed oor my gekom wat ek nie geken het nie en moes ek metodes inbou om daai goed te bestuur. Ek moes vir myself goed kry om daai stres te kan bestuur.

Navorser: Ja. Wat het jy gedoen?

Deelnemer: Ek het genuïne ... wat ek jou wou sê is (naam) ek dink persoonlik, jy het my nou al 'n paar keer gevra wat die ergste goed is wat

ek beleef het in 12 jaar en ek dink dít staan by my ongelooflik, ongetwyfeld uit.

Navorsers: Hoe beïnvloed hierdie hele ding ... want ek hoor jy praat oor motivering, ek hoor jy praat oor moraal. Hoe het dit jou personeel ... het dit hulle in twee kampe gegooi?

*Deelnemer: Weet jy wat? Ek dink nogal, deel van ons sukses was dat ons ... wanneer 'n mens groei en ontwikkel is daar altyd 'n mate van stimulasie. Wanneer jy ewe skielik ophou groei, hierdie plafon bereik ..., uh, ... moet 'n ou genuïne, as 'n skoolhoof, moet jy vir hom mooi bestuur, want dit kan veroorsaak ... want die vrae kan altyd gevra word: "Wanneer breek jy? Wanneer word daar twee kampe gemaak"? En, veral as sulke goed op die tafel kom. **(Ja)** Dis wanneer daar sulke goed gebeur ... ek was nogal goed bewus daarvan. Ek het onder andere met 'n bedryfssielkundige gesels voor ek in daai proses in is ... uh, ... Sassenburg ... ek is nie ... ek probeer my nie slim hou nie. Ek het besef hierso is groter dinge wat ... ek moet slimmer ouens kry om my te help om die proses te bestuur, **(Korrek)** ... en ons het 'n goeie ontleding van die personeel gemaak. Uh, ... ek het nou vir 12 jr ... het ek al beginsels oor motivering en daar's vir my 'n beginsel, elke oggend ... in die personeelkamer, het ek elke oggend die motiverings verwoord. Donderdag of Vrydag sal ek die personeel herinner aan sy roeping; sê: "Op 18 jaar het die Here jou geroep om 'n job te kom vermag. Het jy hierdie week daai job nagekom of het jy net 'n klomp kennis oorgedra?" Ek's in 'n Laerskool waar opvoeding 'n kardinale rol speel en nie so seer kennis soos julle by die Hoërskole nie, en ... uh, ... ek dink ek vervul my job as opvoedingstaak; nié dat ek sê ek dra nie kennis oor nie ... ek het baie goed gedoen. Ek was in Nieu-Seeland en Australië, my beheerliggaam het my soontoe gestuur. Ek het daar gaan kyk hoe lyk ... dis hoekom my skool ook heeltemal anders funksioneer as ander Suid-Afrikaanse skole. Ek het teruggekom; ek het 'n kurrikulumstelsel gebou. Jy sal sien, hier is meer as 150 skole in die land wat dit gebruik. Daar's drie modelle; die Wonderboom-model, die uitkomsgebaseerde een, dan's*

daar *Future Entrepreneurs*, dan's daar die (naam van die dorp)-model. Dis maar my model en ons verkoop daai goed (**Ja**) so ons maak groot geld ... die personeel maak geld; nie ek nie, die skool. Personeel skryf boeke ... uh, ... ek het 'n hele groeiing ingebou oor motivering (**Ja**), en ek dink op die ou einde van die dag is ... ek doen baie snaakse goed wat nie vertel nie ... weird goed wat ek alles in die buiteland gesien het wat werk. Ek het 'n klomp twak daar gesien en genuine'n klomp goeie goed. Een, onder andere daarvan, in Christchurch het ek 'n personeelmotiveringsprogram gesien. Hulle het 'n personeelmotiveringsprogram en oor hoe hou jy hierdie hele familie bo. Die personeel is familie en as een van hulle seerkry dan kry almal seer. En as een van hulle puik presteer ... en ek dink ons kon dit in die afgelope 10 jaar regkry om regtig die familie so te bou ... hulle sê: "Bloed is dikker as water", maar ek wil tog vir jou sê as jy dit sover kan kry met motivering, want dit is die grootste ding.

Navorsers: Hoe't jy gemaak toe julle nou op die punt kom dat julle die aankondiging maak? Hierdie drie mense; is die drie wat gaan? Wat was die personeel se gesindheid teenoor jou as hoof? Wat was julle verhouding toe?

Deelnemer: Weet jy wat was die interessante? Ek het ... uh, ... ek het hulle drie eerste ingeroep, gelyktydig, en vir hulle gesê ... deur al die proses, nadat ek by die beheerliggaam was, al die goeters, "ons het julle drie geïdentifiseer om te gaan, maar ek wil julle nou aanbeveel; gaan vakkond toe en verklaar 'n dispuut."

Navorsers: Het hulle?

Deelnemer: Nee.

Navorsers: Wat was hulle gesindheid teenoor jou daar? Daai drie.

*Deelnemer: Ongelooflik. Weet jy wat het gebeur, dis nogal baie interessant ... uh, ... daai drie se gesindheid, het ek gedink, gaan totaal en al verander. Dis my belewenis wat ek gedink het gaan gebeur. Die teendeel was waar; ek dink die familieband was net ongelooflik so sterk dat ... hulle het gehuil, hulle het emosie getoon ... een het gevra: “Hoekom ek? Wat is die rede, hoekom ek?” Toe sê ek vir haar: “Ek gaan nie vir jou die kriteria wys nie. Jy weet wat die kriteria was. Ek gaan nie vir jou sê hoeveel punte jy gekry het nie ...”, maar aan die einde van die dag mooi vir hulle verduidelik wat die proses is en ek wil aan die einde van die dag sê, net daarna het ‘n ander een, wat nie geïdentifiseer was nie, se man is verplaas en toe het dit die som eintlik baie maklik gemaak. Een wat toe derde was het net gebly. **(Ek verstaan)** So, toe het ek haar weer ingeroep en gesê: “Jy bly nou,” en ... uh, ... ek het toe ‘n ander roete gevolg. Die catch lê daarin, wat ek wel gedoen het is, die volgende jaar, 2005, Januarie, was hulle al agt weer terug by die skool. Daai ander twee het ingekom en vir my gesê, waar ek hulle ook al gaan nodig hê, hulle sal inval. **(Amazing)** Dis vir my ongelooflik interessant om vir jou te vertel. Nadat ek die drie geïdentifiseer het, het die ander ses gekom en gesê hulle is almal bereid om vir minder geld te werk, ons moet nie daai drie laat gaan nie.*

Navorsers: Het jy dit toe so toegepas?

*Deelnemer: Wat ons toe gedoen het was, ek het teruggegaan ... toe een bedank het ek teruggegaan na die beheerliggaam, toe sê ek: “All right, kom ons stel hulle in deeltydse poste aan.” Hulle was altwee senior primêr, hulle het net bepaalde vakke gegee. Ek het hulle toe teruggevat met ‘n baie verminderde salaris. Maar ek het die ander op hul pakette gehou, maar die feit dat ek weer daai myl vir hulle geloop het, om vir hulle weer eventually werk te gee ... binne drie maande is ... uh, ... nog een verplaas, ook nie een van die geïdentifiseerdes nie en het ek een van die geïdentifiseerdes onmiddellik weer in die pos aangestel. Eventually het ek net een oor. **(Ek verstaan)** En, ek dink die feit dat jy daar vir daai ouens bewys het jy’s bereid om vir hulle ‘n myl te loop en nog ‘n myl-en-‘n-half te*

loop ... dit was 'n traumatiese tyd vir my, maar ek dink dit is een van daai happenings in jou skool wat jou baie na aan mekaar gebring het. En daai drie, ek sê vir jou, hulle is vandag my grootste supporters. As ek daai oefening nou weer moet doen...

Navorsers: Jy't nie na 2004, weer in 'n situasie gekom nie, want in Gauteng het hulle aan die einde van 2004 hoofde weer deur so 'n staff reduction proses gesit.

Navorsers: Ek, ek, ek gaan nou daar wees. Nou. (Julie 2006) Die einde van dié rondte, met my adjunkhoof.

Navorsers: Hoe voel jy oor dit?

Deelnemer: (Sug) Ja, ek ... weet jy wat doen ek? Ek doen nou alles in my vermoë om dit nie deur te gaan nie. Ek ... uh, ... ek het hom nou laat ... ek het jou nou-nou gesê sy vrou is op my personeel. Hy's 'n baie goeie adjunkhoof. Ek het hom nou sover, hy is al vier-en-'n-half jaar my adjunkhoof ... ek het hom nou sover dat ek probeer my bes om hom uit die sisteem uit te kry, om hom 'n hoofpos te laat kry en ek dink ... ek dink 80% ek gaan suksesvol wees. Ek doen enige maatreël, 'n ander maatreël, hoor mooi wat ek sê, 'n ander maatreël, dat ek nie weer deur daai selfde proses moet gaan nie.

Navorsers: Wat doen jy as voorsorg?

Deelnemer: Ek maak seker ... ek het kontak gehad met 'n bepaalde skool se beheerliggaam; ek weet nou presies ons is 64 Laerskole in Mpumalanga. Ek is ondervoorsitter van ons vakbond in ons provinsie, ek dink nogal ek lei die beheerliggame op namens ons vakbond. Ek ken elkeen van daai beheerliggame, ek ... uh, ... hou een keer in twee maande vergadering met al ons vakbond-hoofde, Laerskole en Hoërskole, ek ken elkeen by die naam ... uh, ... ek's 'n verkose leier, so ek is nie net

‘n leier wat myself aangestel het nie, en ek het in ‘n proses beland wat ek seker, amper seker is ek gaan my adjunkhoof nou geskuif kry.

Navorsers: Wat sê jou adjunkhoof daarvan?

*Deelnemer: Ek het hom ook gemotiveer. Ek het vir hom gesê hy’s nou 44 en hy is ‘n goeie drie jaar ouer as ek. Ek het vir hom mooi laat verstaan: “Kyk ou maat, as jy nog ‘n jaar aangaan, gaan jy nie ‘n hoofpos kry nie. Daar’s klomp elemente en goed wat op ‘n adjunkhoof inspeel **(Ja)** en as jy oor ‘n bepaalde ouderdom gaan moet jy weet niemand soek so ‘n ou...”*

Navorsers: (Naam) met hierdie geweldige proses waardeur jy gegaan het, en jy het alreeds vir my genoem dit was geweldig traumaties, en dis baie stres, die Engelse praat van stress-related, stresverwant, wat uit dit kom. Het jy foute gemaak?

*Deelnemer: Mm, ... weet jy wat? Ek het baie keer die proses driekeer en vierkeer hersien. Self. Dan gaan ek huis toe, dan werk ek nou vir my ‘n proses uit op die rekenaar. Dan sê ek presies dis nou hoe ek hierdie ding gaan aanpak. Dan gaan slaap ek vannaand, drie, vier, vyf aande gaan verby dan kom ek terug na die beginsels toe. Dan sien ek, ek het ‘n hele paar, klomp foute gemaak ... uh, ... ek het ‘n hele paar goed ingebring wat eintlik nie behoort nie ... ek het daai blind spots wat ou (Naam) vandag van gepraat het, dan haal ek hulle uit. So, eventually, voor ek die proses na my bestuurspan toe gevat het, of na die beheerliggaam toe gevat het, het ek daai ding seker vyf, ses keer verander om seker te maak ek is deursigtig; om seker te maak ek is deur die hele ding. So, ek dink nogal, ek wil persoonlik sê ek dink stres het nogal ‘n ongelooflike effek op ‘n mens. **(Ja)** Nie net op jou as mens nie, maar ook jou hele gesin, op jou vrou...*

Navorsers: Dis een van my volgende punte wat ek graag wou aangesny het. Hoe’t dit ‘n impak gehad op jou familie?

Deelnemer: Ja, verseker. Jislaaik, ek was 'n, en is glad nie normaalweg 'n nors outjie nie. Ek is nie 'n nors bul nie, ek is 'n ... ek speel vier keer 'n week squash, ek speel ligas en allerhande sulke goed en my sport het my nogal baie aan die gang gehou. In daai tydperk, wil ek vir jou sê, daai agt weke wat ek deur daai proses is, het my kinders en my vrou ... het ... jy swot ook ... jy weet as daar hectic tye kom ... is hulle maar bietjie op die agtergrond (Ja). Ek het jou nou-nou gehoor; ek het klein kindertjies. Daar's nog 'n mannetjie in Gr2, en ek doen 110 dinge gelyk. Jy weet, ek boer ook nog 'n bietjie en ek doen allerhande goedjies saam, so wanneer die stres regtig op is, dan dink ek nogal kry ek dit goed bestuur. In daai agt tot 10 weke, kom ons sê twee maande wat ek deur daai proses moes jaag, ... my vrou het 'n paar keer vir my gesê: "Jis, daar's fout. Jy moet iemand gaan sien, want jy is soos 'n stoere bul." Dit het 'n ongelooflike effek op my kinders gehad; my verhouding met my kinders (Ja) ... uh, ... en ek het dit besef, ek het dit gesien. Daai eerste twee weke het ek nie gedink dis dit nie. Ek het allerhande ander goed gesoek, jy weet en gesê: "Stres is twak, stres bestaan nie". Dan besef jy eintlik jy's hier ... met ander mense se lewens moes jy deur hierdie hele proses gaan, en toe ek die personeel sover kry om hulle nou ... toe ek vir (Naam) kry om met hulle te kom werk oor die proses ... toe hy klaar is met hulle, toe ... vir die twee dae ... toe sê ek: "Ek dink ek en jy het ook 'n sessie nodig, dat jy net bietjie die deur toemaak dat jy net bietjie met my ook werk." Ek dink nogal hy het vir my 'n heel ander persepsie gegee. Een van die grootste foute wat ek gemaak het was om dit te ontken.

Navorsers: Jy't gesê: "Daar's nie fout nie?"

Deelnemer: Ek het gesê die goed het nie 'n effek op my nie ... uh, ... nadat ek die klanke van my vrou gehoor het en die klanke van die personeel gehoor het, my bestuurspan, ek het 'n baie noue familieverhouding met hulle, dat van hulle vir my sê: "Jis, meneer, jy's nie jouself nie. Wat pla jou?" en ek het nie 'n woord met hulle gepraat oor die vermindering van personeel nie. Ek het gedink ek gaan eers met hulle praat die dag as ek doodseker is dis my proses; dis my plan (Ja), hier's

my hele set-up, dan gaan ek met hulle praat. In daai eerste twee weke het twee van my departementshoofde vir my kom sê: (Vir jou kom sê daar's fout?) "Wat's fout? Jy's nooit so nie. Wat krap? Is daar fout?" Jy weet, "is daar fout by die huis? Pla iets op die plaas?" En ... uh, ... ek's een van daai ouens wat totale commitment gehad het, so ek dink die grootste fout wat ek gemaak het, ek het dit ontken ... en ek dink nogal ek het iemand soos (Naam) nodig gehad om dit net vir my ... nie deur 'n sielkundige proses te vat nie, (Net vir jou perspektief te gee?), net perspektief te gee en te sê: "Pêl, jy's besig om goed ... jy's die een wat nie slaap in die nag nie. Het jy altyd slaapprobleme gehad? Nee. Hoekom sal jy nou ewe skielik slaapprobleme hê?"

Navorsers: Nou (naam) voor die tyd, kom ons sê die proses voor die tyd wanneer jy die besluit moes neem, want jy't gesien dit kom, het jy nou-nou gesê, en in die tyd wanneer julle die proses gehanteer het, en ek wil selfs sê die tyd daarna, toe die ding nou sy deurvloei gehad het van hierdie personeelvermindering, hoe het dit jou inrigting, jou skool, geraak in totaal?

Deelnemer: Weet jy wat, kom ek begin by die ouers. Soos ek nou-nou vir jou gesê het, ons was die heelyd in 'n groeifase gewees en dit was altyd vir hulle ... hulle was trots om te kan sê ons het volgende jaar soveel Gr1's of ons het só groot geword hierdie jaar en so, en ... uh, ... ek het seker maklik 50, 60 oproepe gehad, jy weet toe daar nou 'n dingetjie, 'n kooltjie begin brand, toe begin ouers nou bel en vra: "Hoor hier, maar wat gaan nou daar aan? Ek hoor daar word nou personeel afgesit; uitgesit. Is dit nou die waarheid?" Dit het so half 'n negatiewe effek op jou skool en in so mate dat ek 'n ouervergadering moes hou, die hele gemeenskap bymekaar moes kry en ek het amper dieselfde pad geloop wat jy met 'n beheerliggaamverkiesing loop, en gesê: "Dis so belangrik dat jy vanaand by die skool moet wees, jy weet, jy moet seker maak jy's daar." En ek het vir almal mooi verduidelik, die proses vir hulle verduidelik en vir hulle gesê, ek het nie 'n draai met hulle geloop nie, oor wat is die skoolgeld wat ons inkry, die beheerliggaamvoorsitter en die finansiële voorsitter, vir hulle

presies die detail gegee. Ons het 'n besluit geneem, kom ons gee die regte inligting ... nie doekies omgedraai nie, dat almal presies weet waaroor dit gaan. Deursigtig. En ek wil nou eerlik vir jou sê, ek dink dit het hulle hele gesindheid ... daar was 'n klomp negatieweit, tot hulle dit gesien het. Agterna, toe hulle ook hoor ons het 'n ekstra plan gemaak om daai mense weer te akkommodeer, ek dink tóe was daar kwaai waardering. Op die kinders se part, jy ... uit die aard van omstandighede, ek het 'n beginsel by my skool, as twee personeellede baklei, om watter rede ook al, soos 'n man en 'n vrou in 'n huwelik, dit gee geborgenheid vir kinders. As jy en jou vrou skei en groot moeilikheid en konflikte het voor kinders, vat jy die kinders se geborgenheid weg. Nou ons het 'n beginsel in ons personeel; ons praat nooit lelik met mekaar of, nié dat ons nie van mekaar verskil nie, maar veral nie voor die kinders nie. Die kinders mag nie weet daar's konflik nie, want as hulle dit weet, vat dit hulle geborgenheid weg. Dis dieselfde beginsel in 'n huisgesin, dieselfde beginsel in 'n skool, en het daai roete gevolg en, eventually, toe dit by die ouers kom, het dit by die kinders uitgekóm, en ... uh, ... ek dink die kinders was nie baie geborge nie, in so mate dat ek in saalopening op 'n Maandagmôre weer eens ... ek dink ek het een of twee goed reggekry; ek het dit nie vir myself gehou nie en ek het dit met almal, die rolspelers, gekommunikeer. Die kinders, in daai geval, het ek op 'n Maandagmôre gesê, nadat ek 'n paar oproepe gekry het, toe weet ek dit gaan nou 'n effek op die kinders hê, al praat niemand daarvan nie en ek dink die personeel het dit ongelooflik waardeer en weer eens die effek ... ek sê altyd mens skep eerder groter moeilikheid; jy skep die prentjie baie donkerder en as 'n ou dan kan help, dan het almal soveel waardering, maar toe die punchline gelewer is en gesê wie dit is kan ek vir jou sê; toe's dit traumaties. Ek meen, daar was emosie by betrokke en alles...

Navorsers: Kinders ook?

Deelnemer: Kinders ook. 'n Ongelooflike effek, in so 'n mate dat ek daai drie juffrouens, dis twee in die seniorafdeling en een in die juniorafdeling, die seniorafdeling nie so erg nie, die juniorafdeling baie erger ... dit was

hulle juffrou gewees, maar ek het haar nie in die middel van die jaar laat gaan nie, maar hulle het nou geweet dit is hulle juffrou wat nou volgende jaar nie by die skool gaan wees nie ... Gr2's ... en ek het spesifiek na daai klas toe gegaan en in die klas met hulle daaroor gepraat en dit vir hulle mooi verduidelik ... uh, ... en ek het nogal gedink dit is te 'n hoë vlak vir hulle, hulle gaan nie verstaan nie ... uh, ... ek dink nogal dit was een van die beter besluite wat ek geneem het, om dit met al die rolspelers te kommunikeer. Die effek wat dit gehad het op die beheerliggaam ... uh, ... dis 'n realiteitsbegrip. Dit gaan oor rand en sent, en nadat een toe nou gegaan het en ons die ander twee nou weer kon terugbring met deeltydse salarisse, ek sal vir jou sê daai ouens het daai aand toe ons daai besluit neem, ek het 'n spesiale vergadering uitgeroep oor daai spesifieke aangeleentheid. Ons het gewerk van 16:00 daai aand af tot 00:45 die môre. Ons het op allerhande 50 ander plekke gaan sny, goeters gelaat doen om daai twee juffrouens ... almal het hierdie, dis nie simpatie nie, hierdie empatiese ding, iemand in die familie is besig om seer te kry, maar ek dink nogal dit het 'n, die beheerliggaam ook in 'n proses gesit. Ek het, ek het nooit die departement geken in die saak nie, want dit het hulle nie geraak nie ... uh, ... so ek doen alles in my vermoë, nou (sug) ek gaan 'n adjunkhoofpos verloor ... uh, ... ek doen alles in my vermoë ... ek het twee rigtings waarin ek werk; een is, daar's een skool by ons wat nou parallel is. Ons het drie Afrikaanse Laerskole, en een het nou parallel gegaan en daar's nog so 120 kinders oor en dan verklap ek nou eintlik my geheime hierso maar ek doen nou alles in my vermoë om die ander 120 kinders uit daai skool te vat, want daar's nie 'n plafon nie, en daar gaan 96 Gr1's volgende jaar in (dorp se naam) skool toe en ek gaan 75 van hulle kry, dit weet ek klaar. Maar daai skool het nou swart gegaan, hulle soek nie meer blankes nie. Hulle is basies in daai fase dat hulle verlede jaar vyf Gr1 Afrikaanse kinders gekry het en hoe kan jy nou vyf kinders in 'n klas hê (jy kan nie).

Navorsers: (Naam) ja, ek hoor oor die ding van kommunikasie, ek hoor oor motivering. Jy't 'n groot saak rondom motivering. Maar was daar ekstreme konflik?

Deelnemer: Weet jy, ek moet regtig vir jou sê, ek dink omdat ons dit so reg bestuur het ... uh, ... nie konflik nie, en dink emosie. (Ja) Dit is 'n emosionele ding hierdie maar dit is 'n ... ek dink as 'n ou nou instap en ek, ag ek dink 'n ou kan, ek leer ook nog in die proses. Ek het baie ouens gebel, dit het ek nogal met 'n klomp ouens gedoen; uit die aard van my betrokkenheid by die vakbond het ek 'n klomp ouens gebel. Van (naam van 'n hoof) regdeur tot almal ... gesê: "Hoor hier, het jy al personeel verloor en wat het jy gedoen?" Het gesê: "Wat het gewerk by jou?" Ek het seker 15, 20 oproepe gemaak voordat ek daai proses gevat het (Okay) en ek het geweet ek gaan hom my eie maak maar ek wil nie die wiel weer uitvind nie.

Navorsers: Maar jy't nie, jy't nie opleiding in dit gehad voor die tyd nie? Daar was nie kennis van hoe moet ek wat, dis regtig maar, soos jy nou pas genoem het, geskakel met ander hoofde; trail en error?

Deelnemer: Ek het toe my eie ding gaan doen en gesê, want ek beseef jy weet jou skool is uniek en anders. Elkeen se omstandighede is anders, alhoewel ons 'n paar verbintenisse met mekaar het en strukturele dinge wat met mekaar inpas, die manier hoe jou personeel by jou in mekaar gesit het en die manier en effek wat dit op jou gemeenskap gaan hê; ek wil vir jou sê in my skool was dit soos dood in 'n familie. Jy kan niks daaraan doen nie. Dis dood, maar ons is almal hartseer (Ja) en ek dink daar speel hoofde ook nogal 'n rol. Ek het dit by (naam) in (dorp) geleer; hy't dit vir my vertel ... uh, ... "moenie probeer dood speel nie, moenie probeer dink..." die meeste hoofde probeer hierdie nice guy wees of hierdie tawwe ou wees deur te sê: "Dit raak my nie," ... uh, ... half afsydig, ag onemosioneel, onbetrokke by, jy weet, hou jou eenkant, weg. Ek weet nie; hy het my 'n ding geleer. Vir my vertel hy's deur 'n proses en hy't vir my gesê hy het emosioneel betrokke geraak en dit was die beste ding in die wêreld. Toe sê ek: "Nou hoe so?" Toe sê hy: "Nee, die dag toe hy vir sy mense sê, 'jy loop,' toe huil hy saam met hulle. En ek dink hy het vir my iets, 'n ander kant van die saak gegee. As jy nou die besluitnemer is en jy staan nou eenkant dan probeer jy nou bietjie besluite regverdig, en

dit laat nie die ding deurkom dat dit omstandighede is wat dit veroorsaak. Wanneer die hoofpersoon emosioneel betrokke is, saam deel van die proses is, dan dink ek skets dit vir die personeel, die wat agterbly ... onthou dis nie net daai wat gaan nie (Dis die wat agterbly...) dis daai wat agterbly wat die krisis veroorsaak en sien maar hoor hier, hierdie ou was deel van die proses. Hy was nou wel die hoofbesluitnemer, maar hy was ook deel daarvan. Dit is omstandighede wat gelei het dat ons in hierdie situasie beland het. Dis nie omdat hy nie van mense gehou het nie.

Navorser: Maar dit sou ook 'n herverdeling van pligte beteken het op daai stadium.

Deelnemer: Ja, verseker. Dit het 'n hengse effek op almal gehad. Uh, ... die hele rooster moes hersien word, werksverdeling moes ... ons moes die hele ding aanpas. Gelukkig het dit darem mooi uitgewerk dat ons op die ou end een minder is (Ja), nou weer uitgewerk dat ... ons het nou net enetjie wat nou ... dis 'n juffrou by die Gr2-pos, maar sy's nog by die skool en dit gaan goed.

Navorser: Jy het vir my reeds gesê oor verhoudings, jy het vir my gesê oor die stresverwante aktiwiteite, jy vir my gesê hoe dit die onderwys *teaching and learning* geraak het, dit die onderrig- en leerproses geraak het, jy het vir my baie mooi gesê oor die moraal, die klimaat in die skool, want ek verstaan van wat jy sê dat julle 'n baie spesiale kultuur in die skool het en dit moet 'n invloed op 'n manier gehad het op die kultuur van die skool.

Deelnemer: Ek wil net vir jou sê (naam), ek dink persoonlik ... uh, ... ons het in daai tydperk ... het ons krieket gespeel. Nou ... uh, ... ek het Van der Merwe gespeel. Ek het nogal daaraan gedink; jy weet, as dit nou die klimaat kan staaf, dan het dit 'n definitiewe demper op die klimaat gehad. Almal was gedemp. Ons het ... uh, ... dit was in ons vierde krieket-game dink ek van daai seisoen, maar ons het teen (naam van skool) dink ek daai week gespeel. Uit die aard van omstandighede is ons 'n klomp, agt

skole, in die liga. En ek het daai Maandag, die Dinsdag, het ek dit gedeliver ... gesê van die drie en ons het ... uh, ... tot op daai punt het ons die groot kanonne laat val ... (skole se name) ons het hulle almal gespeel met ons eerste span, en met ons o/11's en met ons tweede span en ons speel toe daai Donderdag teen (skool se naam) en ons eerste span het verloor teen die Melkkoeie en die o/11's het ook verloor.

Navorser: Groot invloed op die kinders gehad?

Deelnemer: Ek dink nogal dit het 'n demper op alles gehad. Dit het ... uh, ... nogal ... so die klimaat was nogal bietjie heel swak.

Navorser: Hoe't jy dit omgedraai?

*Deelnemer: Weer eens, ek dink, met goeie kommunikasie. Nadat ons ... daai volgende week het ons weer teen (skool se naam) gespeel, teen 'n sterk skool en ... uh, ... was hulle weer hulleself (**Ek verstaan**). Ek dink ook nie ... dis meer 'n tipe van 'n skok, 'n skokding wat na hulle toe (**Ja**) ... dit het 'n invloed op die kinders, so die klimaat speel ... uh, ... en jou organisasie-klimaat hê. Ewe skielik is daar 'n ding, dis so half of jy 'n bom gelos het en nou moet hierdie bom ontketen.*

Navorser: As jy nou ... jys' deur die proses en ek het die hoogste agting vir wat jy vir my sê. Jy weet, ek het eintlik gehoop dat 'n mens kan iemand kry wat met jou gesels het as jy deur die proses gaan, waar ons, as nuwe hoofde, in die proses ingekom het en dit onmiddellik gekry het, en niemand praat met jou en niemand sê jou want niemand weet nie. Hoë agting daarvoor, baie dankie, want ek hoor wat jy sê. Dit kom regtig uit die diepste uit wat jy vir ons vertel. As jy nou enige aanbevelings kon maak, want ek meen hier staan jy nou, 12jr verder, as 'n hoof. Watse aanbevelings sal jy maak vir, en ek praat nie van ons ervare ouens dalk nie, maar in 'n mate ook vir ons ervare ouens wat skielik deur so 'n proses weer moet gaan van rightsizing. Wat sal jy aanbeveel?

Deelnemer: Ek sal 'n paar goed sê. Hierdie "Principalship" wat hulle nou begin, dink ek is ongelooflik belangrik en in die hele proses, omdat rightsizing in ons provinsie 'n jaarlikse proses is ... ons het nie 'n driejaarlikse proses nie. In Mpumalanga is dit 'n jaarlikse proses. Jy kry jou diensstaat. As jy te veel het word hulle oortollig verklaar, of jy moet hulle skuif, of wat ook al. Ek's mos op daai District Task Team en op daai Provincial Task Team (Ja), nou ons skuif nou nog. Die Model C-skole het 'n tendens, jy weet, hy vat 'n dip, dan maak ons hom gelyk, dan skuif ons daai personeel van hulle of ons verklaar hulle oortollig of wat die geval ook al mag wees. Uh, ... dan bly hy so vir twee of drie jaar stabiel, dan vat hy weer 'n dip. So, dis die normale proses wat ons by hierdie ... maar by die swartskole is dit 'n jaarlikse tendens. Vanjaar het hulle 700, volgende jaar het hulle 300 dan is hulle in elk geval met 20 te veel. Dan moet jy van hulle ontslae raak. Ek sou sê, met die "Principalship", daar dink ek as ek 'n aanbeveling kan maak, jis, die bestuur van personeel dink ek word onderbeklemtoon. Ek sou vir 'n jong hoof vandag sê, jou alles, jou begin en jou einde, hang van jou jökkies af wat in die klas is. Die manier hoe jy daai personeel van jou bestuur, gaan die sukses van jou skool bepaal. (Ja) Nie ... nie so seer die juffrou se job in die klas wat ... nie so seer die juffrou se job in die klas nie. Die interne verhoudinge wat daar onder personeel bestaan. Ek ag dit as so belangrik dat ek 'n kliniese sielkundige sal vat. Liebenberg, Johan Liebenberg, laat ons vir twee, drie dae ... ek plaas 'n baie hoë premie op personeelontwikkeling ... om 'n tafel gesit en ek maak gebruik van daai tegniek van stilbly. Nou ... uh, ... ons is daar deur prosesse en daar het mense opgestaan en daar gesê: "Ek is so omdat ek so grootgeword het", en dan sê ander personeel: "Maar jy moenie verander nie, jy moet so bly," en mense het mekaar se agtergronde leer ken. Jy verstaan wat ek bedoel. So ek dink nogal daar, dis 'n belangrike ding. Baie belangrike, direkte goeters is goeie kommunikasie. Les nr1: as ek enige ou moet raad gee, moenie, ... as dit jou normale manier is, hanteer dit self. Goeie kommunikasie na al die rolspelers toe; ek dink dit is premium belangrik. Nr 2 is, ek dink elke skoolhoof wat deur daai proses gaan, het hulp nodig. Buitehulp, want dis 'n ontkeningsproses (Ek verstaan), so, ek sou vir elke hoof wat deur so

*ding moet gaan sê: “Hoor hier, kry hulp van buite af, van jou keuse.”
Bedryfsielkundige, sielkundige, maar jy moet weet wat alle ander
skoolhoofde se krississe is, ‘n ou ontken. Staan weg en sê, ek kan
hierdie, ek kan hierdie hou vat, maar eintlik kan jy nie, want jy besef eers
later jy het oor mense se lewens besluit en jy het polisse doodgemaak wat
moet elke maand betaal moet wees **(Korrek)** wat nou nie meer daar gaan
wees nie. By die departement het hulle nog ‘n opsie ... uh, ... hulle kan
ge-redeploy word na ander plekke.*

INTERVIEW CHARLIE

Background

This research originates from the National Education Department's policy of addressing the inequalities of the past through equity, staff reduction and the process of redress to justify a democratic transformation within education.

This research particularly focuses on experiences of principals during a staff-reduction process.

Navorsers: (Naam), dankie vir jou tyd. Jy weet waarom gaan hierdie inligting. Dit gaan eintlik spesifiek oor die, en ek gaan dit in Afrikaans met jou hanteer, en ek sal ook dit graag so versoek dat jy dit met my in Afrikaans kan doen, ons gaan dit ook so opteken. Dit gaan oor die ... uh, ... personeelverminderingsproses wat in plek gekom het hier teen die einde van 1995 en dan uiteindelik hier so in die begin van 1996 rond het dit nou regtig deurgegaan, en ek dink veral jy, wat in daai tyd reeds in 'n bestuurspos was ... uh, ... het dit nou direk geraak, so ek wil graag gaan kyk na die ervaring wat die hoof beleef het. Hoe het dit die hoof geraak? Ek wil niks eintlik van die ander personeel weet nie, maar eintlik hoe dit die hoof raak op verskeie terreine. Hoe swaar het hy gekry? Hoe swaar het hy nie gekry nie? En dan gaan ek kyk na 'n paar dissiplines ... uh, ... onder andere wil ek gaan kyk na bestuur, ek wil gaan kyk na die klimaat en die kultuur en na kommunikasie, ek wil kyk na konflik, ek wil kyk na motivering en na emosionele intelligensie wat eintlik aansluit by motivering en moraal ... uh, ... ek wil so na 'n paar van daai goeters gaan kyk. Miskien moet ek net eers so vra dat jy vir my agtergrond gee van jouself ... uh, ... wat ek dalk nou nie van jou weet nie. Ek weet nou wie jy is, waar jy is, by watter skool is jy, maar gee my bietjie agtergrond; jou pad wat jy gekom het tot waar jy nou is.

Deelnemer: Ek is nou al meer as 20 jaar in die onderwys. Ek is nou so nege jaar hoof by (skool se naam) en voor dit het ek by (skool se naam) 10 jaar gewees, en ek het in 'n B Com-rigting gestudeer met handelsvakke, ekonomie en rekeningkunde en bedryfseksonomie as vakke, en ek gee maar nog die hele tyd skool in Pretoria. Ek was maar nog altyd hier gewees.

Navorsers: Daar waar jy nou tans is, by (skool se naam), gee jy nog fisies klas?

Deelnemer: Ek help 'n bietjie. Hierdie jaar het ek begin. Ek het so vier periodes wat ek ... uh, ... loopbaanontwikkeling en persoonsoopvoeding doen met die Gr12's, eintlik, wat noem jy dit nou?

Navorsers: Lewensoriëntering. Ek dink maar die meeste van die hoofde kyk maar daar. (Naam), nee dankie man, 'n klomp veranderinge in onderwys die afgelope tyd. Goeters wat ons raak aan ons lywe, wat partykeer nie lekker is nie, dit is sekerlik maar so. Ons gaan nie op 'n ander manier daarmee wegkom nie, dit is maar nou net eenvoudig so. (Naam) in, ek dink dis 1996, eintlik 95/96, daar rond, eintlik ... dit het in 95 al begin, maar hier in 96 het hulle nou hulle eende in 'n ry gekry, die Onderwys Departement, en toe met dokumentasie gekom deur middel van sirkulêre ... wat's die goeie Afrikaanse woord vir omsendskrywes? En 'n klomp goeters het skielik hoofde geraak as dit gekom het by, "Moet ek personeel verloor? Moet ek nie personeel verloor nie?" Dit het gegaan oor die Equity Redress program wat hulle gehad het, so, gelyke beregtiging vir almal en ek dink die Departement, Onderwys Departement van die dag het toe besluit dat daar is een manier hoe ons gaan wegvat van die ouens wat te veel gehad het oor jare heen, en ons gaan vir die ander ouens gee wat nie gehad het nie en dit het onmiddellik 'n invloed, veral op die eks Model C-skole gehad. Nou eintlik is die konsep bekend as rightsizing. Dit beteken elke skool is ge-rightsized. Jy het of mense weggeneem of jy't mense bygekry. En daai rightsizing was eintlik maar die Equity en Redress program wat hulle in

plek gestel het. Vertel vir my hoe't jy dit ervaar? Hoe jy dit beleef want jy het self deur die prosesse gegaan? Praat met my gemaklik.

Deelnemer: (Naam) dit was vir my deels 'n moeilike proses want ek het toe waargeneem as hoof. Ons hoof het 'n ander pos aanvaar, hy's vinnig weg en, toe die ding kom by die skool, toe't ek net begin waarneem. So, dit was vir my, as waarnemende hoof, 'n groot nagmerrie gewees. Ek was op daai stadium ook nog nie lank by die skool gewees nie. Ek het in September 1994 by die skool begin as senior-adjunkhoof, so op daai stadium was ek net so 'n bietjie langer as 'n jaar by die skool gewees. Dit was vir my 'n nagmerrietyd gewees. Dit was een van die moeilikste tye in my lewe gewees, in my skoolloopbaan gewees, want ons het 'n hele klomp mense, ek dink by die 10 mense het ons te veel gehad wat ons nou toe moes van ontslae raak en te besluit daaroor. Ek het van die begin af die proses gevat, en ek het die dokumente baie goed deurgegaan en ek het besluit, ook as gevolg van die feit, ek ken nie die mense baie goed nie, dat ek dit absoluut 100% volgens die letter van die wet gaan toepas, soos wat die dinge is. Ek het van my kant af baie moeite gedoen. Ek dink dit het die proses ook vir ons makliker gemaak dat 'n mens probeer het om die proses positief te bestuur met die mense. Jy het van die begin af probeer, omdat dit 'n verskriklike emosionele ding is, want toe ons vir die personeel ook sê maar ons het 10 poste te veel, het almal gedink hulle gaan ... elke dag ... en ek het vir die mense gesê ook hoe die proses ... ek het vergadering gehou met hulle, die proses verduidelik en ek het ook ... in die begin, wat dit ook moeilik gemaak het, almal was onseker; die hele personeel en kort-kort het iemand in gehardloop: "Maar gaan ek ook? Is ek ook deel van die lys?" en ek het gesê: "Daar's 'n komitee wat dit hanteer," en ek het die ding gehanteer soos wat die prosedure gesê het. Ons het dit absoluut volgens die voorskrifte gedoen en dit het dit bietjie makliker gemaak en ek het glad nie toegelaat dat subjektiwiteit enigsins betrokke raak nie. Ons moes in die proses goeie onderwysers ... moes ons gevra het om ... sê: "Jy's deel van die oortollige lys," en dit was die heel moeilikste, want 'n mens wil graag, jy wil graag ontslae raak van die dooie hout, want alle skole het maar die dooie hout wat dit moeilik maak en in 'n mate het mens dit seker reggekry ook, waar jy getwyfel het en na rede

gesoek het ook om van die dooie hout ontslae te raak. Ek dink by al skole was dit maar so, maar ons het probeer en ons het gekyk en ons het die kurrikulum gevat en die kurrikulum hanteer en daarvolgens gekyk watter mense ... wat het ons nodig vir die skool en dit wat ons gesê het ons nie nodig het nie, het ons besluit is die oortolliges. In die opsig was dit 'n bietjie makliker gewees want ek het, ek het in my gemoed oortuiging gehad dat ons doen die regte ding, en ons het niemand te na gekom nie. Ons het niemand benadeel in die proses nie en die probleem daarmee bly maar dat jy, as hoof, ... dis 'n komitee wat die goeters besluit, maar jy, as hoof, is nog steeds die ou wat verantwoordelik gehou word. Daar word gesê: "Maar die hoof wil my nie hê nie," of "Die hoof hou nie van my nie, en dis hoekom ek...", ek kan met alle eerlikheid sê dit was nie so gewees nie. Jy weet, 'n ou het regtig probeer om dit volgens die, die behoeftes van die skool te doen, en dit is al hoe ons dit kon doen.

Navorsers: Maar jy was steeds die koördineerder gewees?

Deelnemer: Ek was die koördineerder wat aan die hoof van alles gestaan het. Dit het dit so moeilik gemaak. Dit was 'n spanningsvolle tyd vir my gewees, baie moeilik ... met my persoonlikheid ook, ek is nie iemand wat hou daarvan om op die manier ... ek sal eerder probeer om 'n ou te behou en ekstra poste instel as om vir iemand te sê jy moet nou gaan. Dit was vir my bitter, bitter, bitter moeilik.

Navorsers: Het jy dit gesien kom, (naam)? Het jy verwag dit gaan kom?

Deelnemer: Nee, dit was uit die bloute uit. Woeps, toe's dit daar en ek het my boeglam geskrik. Ek het die middag nog gegaan en vergaderings bygewoon, ek onthou dit baie goed, en ek het 'n koevert oopgemaak en toe ek die koevert oopmaak, toe sien ek 10 onderwysers, toe dog ek dis 'n grap; ek dog "nee, dit kan nie wees nie, daar's nie 'n manier wat ons ... ons kan nie 10 onderwysers minder in die skool hê en regkom, nog steeds ons werk doen en goeters nie." Maar later het die werlikheid ingesink en besef maar dit is so; en dit was 'n bitter moeilike tyd. Ook wat dit ook moeilik gemaak het, ook in

die situasie, is dat ... dat een van die personeellede het ook 'n naamlose brief Distrik toe gestuur, na ons IDSO toe met klagtes van hoe onregverdig ons proses was en 'n hele klomp verskriklike negatiewe aantuigings en goeters. Dit het my meer seergemaak as wat ek kwaad was daaroor.

Navorser: Was jy toe op daai stadium ... julle het nooit geweet wie nie?

Deelnemer: Nee, die brief het gesê sy's 'n kollega van een van die wat ge-richtsize is, en dit was al wat daar gestaan het. Onmiddellik bring dit weer spanning, want nou kom hulle na jou skool toe en hulle hou 'n ondersoek en kyk ... en hulle kyk hoe dit gedoen word. Gelukkig het ons ... die goed was so volgens die reël gedoen en al die goeters dat hulle gesien het ... dit kan net probleme... (Geen verdere kommentaar nie)

Navorser: Waarvan ek wel hou wat jy vir my sê (Naam), en dit is dat jy, dat julle die ding eerstens volgens die letter van die wet gedoen en ek, soos wat ek aflei wat jy nou vir my sê, het julle 'n baie deeglike beplanning eers gedoen voor die tyd, want ek dink as dit nie sonder die beplanning was nie, het 'n ou 'n groter krisis.

*Deelnemer: Omdat dit so baie was ... ons het gaan sit en ons het die hele personeel gevat en gekyk en gesê: "Wie het, wie het ons nodig om die skool se rooster te kan maak volgende jaar, met 10 mense minder." En ons het dit gevat en ons hele beplanning gedoen vir ons rooster (**Ja**), toe't ons dit gedoen en gesê: "Maar ons kan met hierdie mense." Toe het ons gekyk wie kan ons oortollig ... wie kan ons sonder mee klaarkom. Ek het dinge geherskuif en geherrangskik. So die kurrikulumvereistes was die aspek wat ons alles deur gebruik het, maar ek kan onthou daar was ander ook soos Last In ... (**Daai LIFO-sisteem**), maar daar was nog 'n derde ding ook wat jy kon gedoen het, daar was drie redes wat jy ... (**skeidingspakette?**)*

Navorsing: Ja, die skeidingspakette vir ouens wat naby aan ... dis eintlik wat hulle wou gehad het in daai tyd, die ouens wat naby aan aftrede was, dat hulle eintlik eers sou gaan.

Deelnemer: Gelukkig, wat ons proses makliker gemaak het, by die Departementshoofde was daar drie of vier wat moes gegaan het. Van hulle het toe kom vra ... ek het die saak van die begin af oopgestel en gesê: “Wie wil pakette hê? Wie wil dit doen?” En toe’t van die Departementshoofde gekom en gesê: “Maar ons sal ook”, en gelukkig het dit so uitgewerk dat ons sonder hulle kon klaarkom; ons kon op ‘n manier die ding so werk. Toe’t ek ... by hulle was dit bietjie makliker maar by die onderwysers was dit moeiliker. So dit was ‘n bitter moeilike proses gewees.

